kaléo

Gevestig
Geborge
Gestuur

Kaléo beteken: *om te roep, om hard uit te roep, om bekend te maak, om uit te nooi, om iemand te benoem (identiteit te gee).*

"Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus ***noem*** *(kaléo), want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* (Matteus 1:21)

Ons is gevestig in Jesus. Ons wil die Naam van Jesus uitroep as die Goeie Nuus vir die wêreld. Dit is in Hom dat ons ons ware identiteit vind, ons skeppingsdoel om Hom te verteenwoordig. (Rom. 1:1-2)

"Jy is Petrus (Rots), en op hierdie rots sal Ek my kerk (ekklesia) bou." (Matteus 16:18)

Ekklesia = ek + kaléo = uitgeroep

Ons is geborge in 'n gemeente. As gemeente is ons God se geroepenes. Geroep om ons ware identiteit te ontdek en te leef. Rots uit die Rots gekap (Deut. 32:18; Jes. 51:1). Liefde wat woon in ons en sigbaar word deur ons.

"Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Jesus het hulle geroep (kaléo) en hulle het Jesus gevolg. (Matteus 4:19-22)

Ons is gestuur na die wêreld met die Goeie Nuus, om aan mense die waarheid aangaande hulle oorspronklike identiteit bekend te maak. Dit het meer te make om te gaan "wees"... as om klomp dinge te gaan "doen".

kaléo

Gevestig in Jesus: in Sy volmaakte karakter en voltooide werk.

Geborge in 'n geestelike familie.

Gestuur na die wêreld met die Goeie Nuus

Dalpark NG Kerk

2015. Wie ons is.

www.dalpark.co.za

GEVESTIG

IDENTITEIT
My ware beeld in Christus

Godsoort. “Ek is geskep om die GODSOORT te wees, om te leef in Heerskappy en Heerlikheid.”
Geregtigheid. “Ek is nie langer ‘n sondaar nie, maar die GEREGTIGHEID van God in Jesus.”
Genade. “Deur GENADE is die volle erfenis van God my deel.”

INTIMITEIT
Deur onbeskaamde verhouding met God

Geloof. “In GELOOF het ek my nuwe identiteit aanvaar en leef ek in onbeskaamde vrymoedigheid met God wat nie meer vir my op ‘n afstand is nie, maar konstant teenwoordig is in my lewe.”
Guns Bewus. “Ek weet God is stil-tevrede met my lewe, sy gedagte oor my is om GOEDHEID EN GUNS aan my te betoon.”
Gees Vervuld. “Ek ervaar sy teenwoordigheid, wetende dat die volheid van sy GEES MY BEWOON en bemagtig om te gaan leef as die NUWE MENS wat ek in Christus is.”

INTEGRITEIT
Verander om as nuwe mens te leef

Geopenbaarde waarheid. “God se plan vir my lewe word deur die Woord aan my GEOPENBAAR. Ek lees die volledige Bybel vanuit die perspektief van die Nuwe Testament wat aan my bemaak is.”
Gered. “Die regte oortuiging, perspektief, geloof, van wie God is, wie ek is, wat die waarheid oor my situasie is - lei tot verandering van gedagtes. Op regte gedagtes volg gesonde emosies. En dit lei tot die regte gedragspatrone. ‘n Lewe van integriteit... ‘n GEREDDE lewe.”
Gesag. “As nuwe skepping het ek God se GESAG om op aarde te heers. ‘n Lewe van gesag en ‘n lewe van RUS loop hand-aan-hand.”

Herstel LEWENS

GEBORGE

LIEFDE
Liefde kom woon in my en vervul my

God’s liefde. “God se hart is mense en daarom is my hart ook mense. Ek laat toe dat GOD SE LIEFDE my vul en deur my vloei na ander.”
Genade betoon. “Ek BETOON GENADE aan ander, omdat ek glo dat God reeds die sondeskuld van die mensdom betaal het en dat elke mens daarom waardig is voor God.”
Geregtigheid beklee. “Ek erken elke mens het presies dieselfde gewig aan waarde voor God, ongeag van geslag, ras of sosiale stand en BEKLEE hulle daarom met die GEREGTIGHEID van God.”

LIGGAAM
In die liggaam van Christus word liefde geleef

Gemeente. “Ek is deel van ‘n GEMEENTE waar ek as lid van die familie ‘n bydrae het om te lewer tot opbou van die liggaam.”
Geroep. “Ek is GEROEP om te dien en te soek na geleenthede waar ek betrokke kan raak.”
Gawe-bediening. “Die Gees wat die gawes van God dra, is in my en wil deur my ander met sy GAWES en vrug BEDIEN.”

LEWE
My lewe verander en geraak deur liefde

Gesonde gesinne. “Die liefde van Jesus begin in my eie huis waar ons mekaar beklee met die geregtigheid van Jesus en waar ek en my GESIN rus in die beskerming van die kruis.”
Geseënd. “Ek is GESEËND om tot seën te wees, my tyd en middele is tot beskikking van God se koninkryk.”
Gee en geniet. “Ek GEE aan ander met blymoedigheid sonder enige bybedoeling. Ek GENIET dit om ander te help al plaas dit ‘n las op my, omdat ek weet dat God ander deur my seën.”

Herstel VERHOUDINGS

GESTUUR

WÊRELDBESKOUING
Ek is in die wêreld maar met ander beskouing

Gesag herstel. “God is die Koning. Hy het die mens na sy beeld gemaak om te heers. Adam het die gesag aan die duiwel afgegee. Jesus het oorwin en die gesag teruggeneem. Hy het my GESAG HERSTEL.”
Gestuur. “Ons is na die wêreld GESTUUR as God se verteenwoordigers.”
Gevolmagtigdes. “As verteenwoordigers van God, is ons sy GEVOLMAGTIGDES op aarde om te wees, te heers, te bewoon en te bewaak.”

WERK- EN WOONPLEK
24/7 verhouding raak my hele leefwêreld

Gesante. “Jesus het my gered, nie net om die ewige lewe te hê nie, maar om in sy Naam as GESANTE van God ‘n lewe van oorwinning hier op aarde te hê wat beteken ons wêreld kan radikaal verander.”
Geheilig. “My geestelike lewe en my elke dag se lewe is ewe veel GEHEILIG voor God, wat beteken dat ek God ook aanbid wanneer ek werk en speel.”
Goeie rentmeesters. “Ek het ‘n verantwoordelikheid om my middele waarmee God my geseën het met wysheid en verantwoordelikheid te bestuur.

OORWINNING
Die oorwinning van Jesus word sigbaar

Grondgebied. “Ek wen GRONDGEBIED terug vir Christus.”
Getuig. “Ek oefen op ‘n daaglikse basis invloed uit in die kringe waarin ek beweeg. Ek reik uit na mense deur te GETUIG van die goeie nuus wat in staat is om lewens, verhoudinge en gemeenskappe te herstel.”
Geanker in waarheid. “Jesus se volmaakte offer het verhouding herstel. Die vyand is verslaan en sonder mag. Ons is erfgename van die lewe in oorvloed. Gesag wat ek nie weer afgee nie.”

Herstel GEMEENSKAPPE